

Die missionêre waarde van Belhar en die NG Kerk-familie se herenigingsgesprek

ABSTRACT

The missional value of Belhar and the DRC-family's reunification talks

The two questions are raised: a) Does *Belhar* in fact polarize members of the DRC-family? and b) Is *Belhar* in fact a stumbling block in the way of church unity? They are discussed to illuminate the contradictions embodied in these questions. It is then shown that the usage of the missional value of Belhar can point towards a direction out of the perceived dilemma in the current reunification talks in the family of DRC churches. The missional value of Belhar is explained with reference to the liberation-effect that Belhar has had on the DRC's missional relevance during the eighties and thereafter. A missional valuation of Belhar as a possible alternative to the URCSA's insistence on official acceptance of the confession by the DRC, forms the conclusion of the article.

1. BELHAR OMSTREDE

Vandag, sewe en twintig jaar ná sy ontstaan, is die Belhar-belydenis (Belhar) nog steeds 'n omstrede dokument wat uiteenlopende emosies by mense in die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie (NG Kerk-familie) wakker maak. Rondom die herenigingsproses het daar onlangs twee neigings na vore begin kom, wat Belhar weer in die brandpunt van bespreking plaas.

Eerstens, in die gesprekke (bv. die konsultasieproses in 2007) en debatte (bv. die *Kerkbode*-debat in Junie 1998) wat oor Belhar gevoer word, kan duidelik gesien word dat menings en gevoelens oor Belhar besig is om te *polariseer*. Aan die een kant is daar diegene wat Belhar as hul belydenis aanvaar en aan die ander kant is 'n groot aantal lidmate van die NG Kerk-familie wat Belhar nie as belydenis wil aanvaar nie. Beide hierdie groepe mense is teenwoordig in die NG Kerk-familie, en dit is ook die groepe wat verteenwoordig word deur die twee huidige moderators van die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk in SA (VGKSA) onderskeidelik (sien *Kerkbode* hoofberig 2008:A-E1). Dit lyk dus asof Belhar die lidmate van die NG Kerk-familie *polariseer*.

Tweedens, sedert gesprekke oor eenwording in die NG Kerk-familie aan die gang gekom het (rondom 1990), word Belhar toenemend gesien as 'n struikelblok in die weg van eenheid. Van der Linde (2002:250-253) praat van 'n "slakkepas" en uiteindelik 'n "impasse" waarin die herenigingsproses beland het, en een van die groot redes daarvoor is die aandrang vanaf die VGKSA dat die ander lede van die NG Kerk-familie Belhar aanvaar as belydenis. Die gesprekke oor hereniging het sedert 2002 weer momentum gekry by Esselenpark en Achterberg (I en II), maar ná die onlangse konsultasie van gemeentes oor hereniging (2007) is dit duidelik: Belhar gaan nie binnekort deur die NG Kerk aanvaar word as Belydenis nie. Besluite wat tydens die afgelope Algemene Sinode van die VGKSA (Hammanskraal, 29 September tot 5 Oktober 2008) geneem

is oor kerkhereniging, laat dit lyk asof die gesprekke oor hereniging tot 'n halt gekom het – ten minste vanaf die kant van die VGKSA.

Twee vrae moet hieroor gevra word:

- a) Is dit werklik *Belhar* wat lidmate van die NG Kerk-familie polariseer? en
- b) Is dit werklik *Belhar* wat 'n struikelblok in die weg van eenheid is?

In hierdie artikel gaan hierdie twee vrae eers bespreek word, sodat die teenstrydighede onderliggend daaraan uitgewys kan word. Daarna gaan aangetoon word dat daar tog 'n weg uit die skynbare dilemma van die herenigingsproses is, naamlik deur die missionêre waarde van Belhar te ontgin. Die missionêre waarde van Belhar gaan dan uitgelig word in: (a) 'n bespreking oor missionêre waarde; (b) 'n kykie na die missionêre waarde wat Belhar alreeds vir die NG Kerk-familie gehad het; en (c) 'n missionêre waardering van Belhar as moontlike alternatief vir 'n aandrang op amptelike aanvaarding.

2. POLARISEER BELHAR DIE NG KERK?

Dit lyk asof Belhar die lidmate van die NG Kerk-familie polariseer, maar is dit werklik die geval? Belhar is die belydenis van 'n kerk (VGKSA) wat handel oor eenheid, versoening en God se geregtigheid.

Dit is belangrik om op hierdie punt van die bespreking daarop te let dat hier nie 'n oordeel gevel word oor die Skrifgetrouheid van Belhar en/of die status van Belhar as 'n belydenis nie¹. Hierdie studie aanvaar dat Belhar opgestel is deur die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) as 'n belydenis. In hierdie sin behoort daar (onses insiens) nie 'n stel uitwending reëls opgestel te word aan die hand waarvan gevra word óf Belhar 'n belydenis is al dan nie (sien de Beer 2008:134) – soos in die geval van Strauss (2005). Al is dit nie 'n belydenis vir enige ander kerk in die wêreld nie (daar is reeds 'n aantal kerke wat dit as belydenis aanvaar), bly dit 'n belydenis van die NGSK opgestel in 1982 en aanvaar in 1986. Hierdie posisie kan as volg opgesom word:

Die Belhar Belydenis is in 'n "oomblik van waarheid" (Cloete & Smit 1984) as 'n "kreet uit die hart" (Botha 1998b:39) gebore. Om hierdie dokument op allerlei eksegetiese metodes of vanuit verskeie hermeneutiese beginsels te ontleed sal nie daaraan reg laat geskied nie. Dit *is* 'n belydenis. Dit *is* wat die NGSK bely het in 1982, en dit *is* die uitdrukking van die geloof wat sterk in die VGKSA leef. Geen teologiese kritiek of verwerping van die Belydenis kan daaraan verander nie.

(de Beer 2008: 138)

Die inhoud van Belhar (ten minste die artikels oor eenheid en versoening) het te make met die byeenbring van gelowiges, soos dit bely is deur gereformeerde gelowiges volgens hul verstaan van die Skrif op 'n spesifieke oomblik in die geskiedenis. As 'n mens dus sê dat Belhar gelowiges polariseer, sê jy terselfdertyd dat 'n belydenis van 'n kerk wat handel oor die byeenbring van gelowiges eintlik gelowiges uitmekaar dryf (polariseer). Hoe is dit moontlik? Om te beweer dat 'n kerklike belydenis oor die byeenbring van gelowiges hulle eintlik polariseer, is 'n teenstrydigheid in terminologie (*contradictio in terminis*). Dit is dus nie moontlik dat Belhar self gelowiges polariseer nie. Wat veroorsaak dan hierdie polarisasie? Die enigste moontlikheid is dat *ander*

1 Vir 'n bespreking van besware teen Belhar, sien de Beer 2008:126-139

sentimente wat aan Belhar gekoppel word (dinge wat niks met die inhoud van Belhar te make het nie) veroorsaak dat mense in die kerk gepolariseer word. Is daar sulke sentimente? Hier kan ten minste aan drie gedink word.

1) Belhar het op 'n baie omstrede manier aan die NG Kerk bekend geword. Die sinode van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) (1982) het eerstens 'n *status confessionis* verklaar, wat beteken dat die NGSK apartheid beskou het as "'n aangeleentheid...waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstiglik in gevaar te stel" (Nederduitse Gereformeerde Kerk = NG Kerk 1982: 1071). Die uitroep van 'n *status confessionis* was in lyn met 'n soortgelyke besluit by die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) wat vroeër dié jaar in Ottawa geneem is, en wat uitgeloop het op die skorsing van die NG Kerk uit hierdie wêreldliggaam van Gereformeerde kerke (Van Niekerk 1989:170; Gaum 1997:37-38). Die opstel van 'n konsep belydenis was die direkte uitvloeisel van die *status confessionis*, soos deur dr. Gustav Bam voorgestel (NG Kerk 1982:1073). Tweedens het die sinode (NGSK, 1982) gevoel dat die besluit van 1978 (dat apartheid sonde is) meebring dat "...hy nie anders kan as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie..." (NG Kerk 1982:1074).

Nuus oor die beskuldiging van kettery en afgodery teen die NG Kerk het *Die Kerkbode* 'n week voor die nuus dat Belhar opgestel is, bereik (sien Froneman 1982:A-D1). Volgens dr. Coenie Burger het "...die assosiasie van die Belhar-belydenis met die kettery klag...na die NG Kerk se kant toe diep gesny en...mense [is]...seergemaak en verneder." (Burger 2005:12). Naudé vertel van 'n leraar se emosies nadat hy gehoor het van die kettery klag teen die NG Kerk: "Ek het die Here Jesus lief. Vakansietye preek ek al jare lank in die Sendingkerk naby ons vakansiehuis. Is ek nou 'n ketter?" (Naudé 1998:79). Dit wys hoe gelowiges in die NG Kerk diep geraak is deur die aanklag. Baie het dit persoonlik opgeneem en dit gesien as 'n onherstelbare breuk tussen die NG Kerk en die NGSK. Hierdie emosie is aan Belhar gekoppel en het later ook die verhoudinge met die VGKSA negatief beïnvloed. *Dit is die eerste sentiment, naamlik dat Belhar aan die emosies rondom die aanklag van kettery en afgodery gekoppel word.*

2) Die omstrede persoon van dr. Allan Boesak en bevrydingsteologie word ook deur NG lidmate aan Belhar gekoppel. In die NG Kerk was dr. Boesak onder andere omstrede omdat hy die persoon is wat die saak teen die NG Kerk by die WBGK in Ottawa gaan voer het en daarna as blyk van ondersteuning verkies is as voorsitter van die Bond, en omdat hy polities sterk op die voorgrond getree het in verset teen die apartheidsbeleid. Doktor Sarel Eloff (1998:B12) koppel byvoorbeeld dr. Boesak aan Belhar en maak dan summier die afleiding dat Belhar "dus duidelik die vrug van die 'struggle'-politiek [is], en die bevrydingsteologie". Conradie (2005:36-42) doen dieselfde, wanneer hy die aanloop tot Belhar en die rol van dr. Allan Boesak daarin bespreek.

3) Die sentiment wat die gesinheid teenoor Belhar en die persepsie van die belydenis seker die meeste bepaal, is die simboliese betekenis wat daaraan geheg word. Uit 'n onderhoud (op 19 Februarie 2007) met dr. Burger, beskryf hy verskillende simboliese betekenisse wat mense (oor die algemeen) in die VGKSA en die NG Kerk aan Belhar heg:

Vir die voormalige NGSK en die huidige VGKSA: Vir baie mense in die VGKSA is Belhar 'n simbool van die vernedering waardeur hulle moes gaan oor jare heen. Antropologies gesien het dit te make met die seerkry-belewenis in die apartheidstyd. Belhar is vir hierdie mense 'n bevestiging van hul menswaardigheid. Daarom sal die erkenning van Belhar deur die NG Kerk vir hulle beteken dat die NG Kerk aan hulle respek betoon as kinders van God.

Vir die NG Kerk: Vir baie mense in die NG Kerk is Belhar 'n simbool van die kettery klag by Ottawa, en daarna by die Algemene Sinode van 1982, en daarom is dit 'n vernedering vir die NG Kerk. Daar is vir die NG Kerk gesê dat sy onderskrywing van apartheid kettery is. Nou moet

die NG Kerk hom nog verder verneder voor hierdie mense wat hom aangekla het, deur Belhar te aanvaar as 'n belydenis. Hierdie drie sentimente, naamlik die assosiasie van Belhar met die aanklag van kettery en afgodery, asook met die omstrede persoon van dr. Allan Boesak, en die simboliese betekenis wat aan die dokument geheg word, is die werklike oorsaak vir polarisasie in die NG Kerk. Mense assosieer Belhar met dr. Boesak, of dink daaraan as 'n aanklag, of sien dit as 'n vernedering en dit wek negatiewe gevoelens jeens hereniging met die VGKSA en teenoor pogings wat lyk na druk om die belydenis te aanvaar. Dit is dus nie die inhoud van Belhar en die sake waaroor Belhar handel wat mense polariseer nie, maar eerder die kwessies wat met Belhar geassosieer word wat polarisasie veroorsaak.

Daar sou geredeneer kan word dat die ander besware wat teen Belhar ingebring word, naamlik of dit in lyn is met die Bybel, of dit in lyn is met die ander belydenisse (soos die drie Formuliere van Eenheid) en of dit werklik kwalifiseer as belydenis die eintlike oorsaak is dat Belhar gelowiges polariseer, maar dit is ook 'n ongeldige redenasie. As daar geen druk is op 'n kerk om Belhar te aanvaar nie, staan dit so 'n kerk vry om te besluit dat Belhar nie in lyn met die Skrif is nie, of nie in lyn met die ander gereformeerde belydenisse is nie, of binne die kring van daardie kerk nie kwalifiseer as 'n belydenis vir die betrokke kerk nie. So 'n beslissing oor Belhar polariseer gelowiges nie, dit wys slegs op 'n verskil van siening, ervaring of verstaan van belydenis. In die volgende paragraaf sal dit duideliker word dat daar eintlik 'n ander probleem is in die gesprek oor Belhar wat lei tot polarisasie.

3. IS BELHAR 'N STRUIKELBLOK VIR EENWORDING?

Net soos in die geval van polarisering, kan gevra word of Belhar werklik 'n struikelblok in die weg van eenwording in die NG Kerk-familie is. Weereens, as daar gekyk word na die inhoud van Belhar, wat handel oor eenheid, versoening en God se geregtigheid, en die feit dat Belhar te make het met die versoening van gelowiges met mekaar, is die bewering dat Belhar in die weg van eenheid en versoening staan, eintlik vreemd. Dit is so goed as om te sê: "‘n Kerk se belydenis oor eenheid staan in die weg van eenheid." Hier het 'n mens te make met 'n "interne teenstrydigheid" (*penitus contradictio*). "An *internal* contradiction is one in which a system, at any concrete level, is blocked/inhibited from conforming with one system *rule* because (or to the extent that) it is performing in conformity with another system *rule*. It is, in short, a 'double bind'" (Gouldner 1980:170)².

In die geval van eenwording in die familie van NG Kerke, kan die herenigingsproses beskou word as die sisteem ("system") wat besig is om plaas te vind. Die een sisteem reël is eenheid (en versoening), soos dit verwoord word in Belhar. Die ander sisteem reël is die aanvaarding van Belhar as 'n belydenis. Die NG Kerk-leiding besef dat 'n aanvaarding van Belhar op hierdie stadium heel waarskynlik tot kerkskeuring gaan lei binne die NG Kerk self. Dit word veral gesien in die reaksie op die konsultasie van gemeentes wat die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) in 2007 uitgevoer het: "Van die lidmate is selfs van mening dat die huidige proses van kerkhereniging 'n besliste potensiaal vir kerkskeuring inhou ..." (*Die Kerkbode* 2008: E3).

Eenwording met die VGKSA is egter slegs moontlik deur die aanvaarding van Belhar *op een of ander manier*. Selfs al word die aanvaarding van Belhar nie (meer) as 'n voorwaarde vir

² Alvin W. Gouldner (1920-1980) was 'n Amerikaanse sosioloog wat in die post Tweede Wêreldoorlog era baie navorsing in industriële sosiologie gedoen het. Hy is ook aan Marxisme gekoppel, en het die term *internal contradiction* gebruik om konflikte binne Marxisme te beskryf. Hoewel Marxisme niks met die kerk te make het nie, geld die *sosiologiese* insigte van Gouldner net soveel vir die herenigingsgesprekke.

eenwording gestel nie, sal Belhar tog op een of ander manier in die belydenisgrondslag van 'n verenigde kerk moet funksioneer – en dit beteken 'n *vorm van aanvaarding* deur almal wat aan daardie kerk behoort. Wanneer daar dus aan die een sisteem reël voldoen sou word, naamlik *aanvaarding van Belhar*, ter wille daarvan om by die ander sisteem reël uit te kom, naamlik *eenheid* (met die VGKSA), loop die NG Kerk gevaar om laasgenoemde sisteemreël te breek, naamlik *eenheid* (met NG Kerk-lidmate wat weier om Belhar te aanvaar as belydenis). Die twee sisteem reëls *eenheid* en *aanvaarding van Belhar as belydenis* blokkeer mekaar dus uit (dit word ook genoem 'n "double bind" of 'n "catch 22").

Hoe kan 'n mens uit so 'n dilemma kom? Volgens Gouldner (1980:170) kan 'n mens nie van die *inwendige teenstrydigheid* wegkom deur die *status quo* te handhaaf nie, want daar bestaan 'n konflik tussen twee sake wat beide reg is: in hierdie geval is dit *eenheid van gelowiges* en *aanvaarding/nie-aanvaarding van 'n belydenis oor eenheid van gelowiges (Belhar)*. Die kerk stem reeds lankal saam dat gelowiges in 'n eenheid saamgesnoer word deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees lei die kerk ook daartoe om nie die simboliese betekenis van Belhar te ignoreer nie. Dit beteken dat die kerk(e) wat by die herenigingsproses betrokke is, sensitief moet wees vir die belangrikheid van Belhar vir die VGKSA en terselfdertyd die weersin wat baie lidmate van die ander kerke vir die belydenis toon. Dit sou niks help om hierdie realiteit te ignoreer nie, want diegene wat Belhar aanvaar, glo vas in hul siening en diegene wat Belhar nie wil aanvaar nie, doen dit ook uit geloofsoortuiging. Wat kan dan aan die dilemma gedoen word?

Gouldner (1980) gee twee moontlike maniere om op die dilemma te reageer: (a) die twee opponerende groepe kan in konflik met mekaar gaan en deur die gebruik van senioriteit, mag, aanhang (en selfs Bybelse argumente – JMdB) kan die een groep probeer om die ander te oorreed van hul standpunt; (b) die twee opponerende groepe kan soek na 'n hoër orde reël wat die teenstrydige (laer) orde reël voorafgaan of wat beide alternatiewe van daardie reël omsluit, "for example, the higher 'good' or 'survival' of the group, or 'order', or 'justice'" (Gouldner:170).

Die eerste metode van 'konflik' is nie 'n metode wat in die kerk gevolg behoort te word nie. Daarom behoort die kerk eerder die tweede opsie te gebruik as 'n metode om uit die dilemma van Belhar in die herenigingsproses te kom. Dit behels dat daar gesoek moet word na 'n "hoër orde" as die aanvaarding/nie-aanvaarding van Belhar, 'n orde wat beide die voorstanders én die teenstanders van Belhar die motivering kan gee om voort te gaan met eenheids gesprekke. Watter moontlikhede is daar vir so 'n "hoër orde"? Die vraag na die *missionêre waarde* van Belhar vir die kerk is so 'n hoër orde reël, en die bespreking daarvan is 'n poging om 'n derde weg aan te dui uit die dilemma waarin die herenigingsgesprek in die familie van die NG Kerk voortdurend vasval.

4. MISSIONÊRE WAARDE

Wat word bedoel met die "missionêre waarde" van Belhar? Daar word die afgelope tyd dikwels verwys na "missionêre gemeentes", en die missionêre waarde van Belhar het in kort te make met die waarde van Belhar vir missionêre gemeentes. Dit is nie die doel van die bespreking om hier in groot besonderhede in te gaan op missionêre gemeentes nie, want dit is 'n studie op sigself. Vir die doel van hierdie artikel sal met die volgende kort opmerkings volstaan word om "missionêre waarde" te omskryf.

4.1 Missie, taak en roeping

Daar moet eers verduidelik word hoe *missie*, *taak* en *roeping* met mekaar verband hou. Hoewel

missie, taak en roeping van die kerk van mekaar verskil, is dit moeilik om hierdie drie konsepte van mekaar te skei. Ons God en Vader *roep* mense deur sy groot genade en liefde om aan Hom te behoort (dit word bv omskryf in Rom. 8:26; 1 Kor 1:9), maar hulle bly nog *in* die wêreld. Hy haal hulle nie uit die wêreld uit nie. “Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy *geroep* is, daarin bly voor God.” (1 Kor. 7:24 NAV). Die Here roep mense om in die plek waar hulle hul bevind (in die wêreld) besig te wees met ’n taak. “Ek vermaan julle dan...om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is” (Ef. 4:1 OAV). *Roeping* lei tot die bewuswording van ’n spesifieke of minder spesifieke *taak* in die wêreld en hierdie taak is gelowiges se *missie*. Geroepenes het ’n missie in die wêreld. Die Skrif noem twee dimensies van hierdie missie, asook die einddoel daarvan: “om die verlossingsdade ...[te] verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het” en om hulle altyd goed te gedra onder die heidene, sodat die heidene “God kan verheerlik op die dag van afrekening” (1 Pet. 2:9,12). Die *missie* van die kerk in die wêreld het ’n *verkondigings*-dimensie en ’n *voorbeeld*-dimensie, asook ’n einddoel, naamlik die *verheerliking van God*.

4.2 Missio Dei

Ons kan nie van die missie van die kerk praat, sonder om te begin by die *Missio Dei* nie. God is besig om te werk in die wêreld (insluitend die kerk). Hy is besig met ’n taak in die wêreld, en hierdie taak word genoem die *Missio Dei*. Bosch (1991:389-393) gee ’n uiteensetting van die ontstaan en verstaan hiervan. Die *Missio Dei* word begrond in die werk van die Vader, die Seun en die Heilige Gees: God die Vader stuur Jesus, sy Seun, na die wêreld om verlossing te bewerk deur sy offer aan die kruis. Jesus stuur sy Gees om ná sy hemelvaart voort te gaan met die werk wat Hy begin het. Kyk na die woorde van die *Lutheran World Federation* in (Bosch 392): “Mission is, primarily and ultimately, the work of the Triune God, Creator, Redeemer and Sanctifier, for the sake of the world, a ministry in which the church is privileged to participate.” Die missie van die kerk sal dus altyd in harmonie met die *Missio Dei* moet wees. ’n Gemeente se missie in sy twee dimensies (verkondiging en voorbeeld), asook in einddoel (verheerliking van God), mag dus nooit iets anders wees as deelname aan die *Missio Dei* nie.

4.3 Bestaanswyse van die kerk

Daar is ’n verdere element wat uitgelig moet word: ’n Gemeente wat glo dat sy deel is van die *Missio Dei*, het nie net die verantwoordelikheid om te besin oor haar boodskap en taak in hierdie wêreld nie, haar totale *bestaanswyse* bevestig of weerspreek die waarheid van dít wat sy verkondig. Newbigin (1989) bespreek die gemeente as hermeneutiek van die evangelie (*The congregation as hermeneutic of the gospel*). Hiermee word *missie, woord, daad, bestaanswyse* en *Missio Dei* in een konsep saamgevat. Newbigin bedoel hiermee:

I am suggesting that the only answer, the only hermeneutic of the gospel, is a congregation of men and women who believe it and live by it. I am, of course, not denying the importance of the many activities by which we seek to challenge public life with the gospel – evangelistic campaigns, distribution of Bibles and Christian literature, conferences, and even books such as this one. But I am saying that these are all secondary, and that they have power to accomplish their purpose only as they are rooted in and lead back to a believing community.

(Newbigin 1989:227)

Die ware uitleg van die boodskap wat die Kerk aan die wêreld verkondig, die bedoeling van die daad waarmee die Kerk in die wêreld besig is, die bevestiging van die Kerk se deelname aan die

Missio Dei, is alles te siene op een plek: die lewe van die gemeente wie se *bestaanswyse* en *missie* met mekaar ooreenstem. 'n Missionêre gemeente is dus 'n gemeente wat voortdurend bewus is van haar roeping en taak in die wêreld as deelname aan die *Missio Dei*, en wat voortdurend oor hierdie roeping en taak herbesin om haar bestaanswyse daarby aan te pas.

Om te vra na die missionêre waarde van Belhar vir die kerk, is dus om te vra: Hoe kan Belhar die kerk help om oor haar missie (roeping en taak) in die wêreld te besin en haar bestaanswyse daarby aan te pas? Meer prakties: Hoe kan Belhar die NG Kerk-familie help om meer Skrifgetrou en relevant te praat (verkondiging-dimensie), te lyk (voorbeeld-dimensie) en te lewe (bestaanswyse) in die samelewing (wêreld) van Suid-Afrika en wyer? So bekyk, is hierdie vraag een van die kern-vrae waarmee die kerk besig moet wees.

5. DIE MISSIONÊRE WAARDE VAN BELHAR VIR DIE NG KERK

In die bespreking wat volg, gaan die missionêre waarde van Belhar vir die NG Kerk bespreek word deur te verwys na die bydrae wat Belhar gelewer het tot 'n bevryding van die kerk uit 'n missionêre gevangenskap en tot 'n herdefiniëring van sending. Die artikel word afgesluit met 'n toekomsbesinning, naamlik die bydrae wat Belhar kan lewer op die pad na 'n nasionale en kontinentale inheemswording van die NG Kerk-familie.

5.1 Bevryding uit missionêre gevangenskap

Die goedkeuring van *Ras, Volk en Nasie en Volkerverhoudinge in die lig van die Skrif* (RVN) in 1974 kan gesien word as die kulminasiepunt van die teologiese begroning van apartheid deur die NG Kerk. Dit is 'n "soort samevatting van 'n besinningsproses" oor rasseverhoudings en die sendingbeleid van die kerk "wat tot in die dertigerjare terugstrek" (Kinghorn 1986b:130). Die sendingbeleid van die NG Kerk en apartheid self het grootliks bygedra tot die isolasie van die NG Kerk. Daar is vir die Afrikaner sy eie wêreld geskep, verwyderd van die "nie-blanke", die haglike omstandighede van die verstedelike swartman, die krisis wat aan die opbou was teen die apartheidsregering en die "nie-blanke" wêreld in Suid-Afrika. Binne hierdie veilige wêreld het die Afrikaner steeds probeer om getrou aan die evangelie te wees, maar kon nie vanuit daardie posisie die onreg, verdeeldheid en vyandigheid raaksien wat so duidelik in (byvoorbeeld) die NGSK en NGKA aan die opbou was nie.

Die taak van die kerk, soos beskryf in RVN (1974:70) "...bestaan allereers daarin dat hy die evangelie van heil in Christus na binne aan sy eie lidmate sal verkondig, ten einde hulle op te bou... Die kerk het in 'n veelvokige situasie ook teenoor die owerheid 'n dubbele roeping: hy moet die norme van Gods Woord...in hierdie verband verkondig, én hy moet waarsku wanneer onreg geskied..." Hierdie taakomskrywing klink op die oog af goed, maar in effek was dit tekenend van die doodloopstraat waarin die NG Kerk haar bevind het. Die NG Kerk het binne die apartheidsituasie al hoe meer haar hoofsaak gesien as die *geestelike versorging van die Afrikaner* en gesprek met die owerheid. Die verkondiging van die evangelie aan ander volke in die land en skakeling met kerke uit hierdie "volke" is uitgerangeer na die sending-afdeling van die kerk. Die veelvokige situasie met sy eiesoortige probleme was nie in die sentrum van die denke van die Afrikanerkerk nie. Botha (1984:162) noem hierdie ontwikkeling die "Christeliek-nasionale" ideologie van die Afrikaner se volksteologie.

Dit is dus te verstane dat die NG Kerk in 'n *geloofwaardigheidskrisis*, of, anders gestel, 'n krisis oor *missionêre relevansie* beland het. Piet Meiring (1981:8-14) skryf oor die Evangelie *In die konteks van Afrika* in *Storm-kompas*. In wese wentel sy hele bespreking rondom die missionêre relevansie van die NG Kerk binne die destydse konteks. Sy kommentaar staan binne

die raamwerk van die woorde van Biskop Lesslie Newbigin. In antwoord op die vraag: “Biskop Newbigin, watter bydrae kan die Ned. Geref. Kerk in ons tyd in Afrika lewer?”, sê Newbigin:

Broers, u verwag van my ’n eerlike antwoord, maar ek twyfel of ek dit moet gee. U vra na die rol wat die Ned. Geref. Kerk in die toekoms in Afrika kan speel, maar ek vrees ek moet sê u het geen rol nie! Miskien moet u die wrede waarheid maar onder die oë sien: die Ned. Geref. Kerk het deur die jare so ’n negatiewe reputasie opgebou as die apartheidskerk, die kerk wat met sy strukture en beleid ’n streep deur die eenheid en gemeenskap van die gelowiges trek, wat broers en susters in die Here uitmekaar hou eerder as saamsnoer, dat mense eenvoudig nie meer na u sal luister nie!

(Meiring 1981:11-12)

Dat ’n internasionaal bekende teoloog so ’n persepsie oor die rol van die NG Kerk kon hê op daardie stadium van die geskiedenis, illustreer die “krisis-omvang” waarin die NG Kerk haar bevind het. Hierdie uitspraak van Newbigin kan beskryf word as ’n *missionêre gevangenskap* waarin die NG Kerk haar bevind het. As mense nie meer na die boodskap van die kerk luister nie, en as die NG Kerk nie meer ’n rol in Afrika het nie, beteken dit dat hierdie kerk se missionêre taak gevangene geneem is – deur haar eie ontsporing in die doodloopstraat van ’n ras-gebaseerde sendingbeleid en volkgesentreerde ekklesiologie.

Op hul Algemene Sinode in 1982 was die NG Kerk geskok deur die afkondiging van ’n *status confessionis*, die opstel van Belhar en die aanklag van kettery en afgodery deur die NGSK. Die aanklag teen die NG Kerk het voorop gestaan en eintlik ’n positiewe waardering van Belhar oorskadu (sien Froneman 1982). Die waarde wat die afkondiging van ’n *status confessionis* en die opstel van Belhar egter vir die NG Kerk gehad het, is dat dit ’n nuwe weg geopen het wat die familie van NG Kerke gedwing het tot ’n herbesinning van hul sendingbenadering. Dit het gevra vir ’n radikale ommkeer uit die doodloopstraat van rassisme. Belhar, as ’n apologie op die teologie wat gelei het tot die *missionêre gevangenskap*, was op hierdie tydstip reeds van onmisbare waarde vir die NG Kerk op soek na ’n nuwe missionêre koers.

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het besef dat noemenswaardige politieke verandering slegs kon plaasvind as die NG Kerk bereid sou wees om saam te gaan met ’n koersverandering (Durand 1984b:123). In 1986 het die NG Kerk haar beleid rakende die samelewing drasties hersien in *Kerk en Samelewing* (KES), en hierdie proses is voortgesit in 1990. Die presiese invloed wat Belhar op KES gehad het, kan moeilik bepaal word, maar dat daar wel so ’n invloed was, word deur die Algemene Sinode van 1990 erken: “Die ASK beskou ‘Kerk en Samelewing’ as die Ned Geref Kerk se antwoord op die gedeeltes wat handel oor verwerpings in die Belharbelydenis” (NG Kerk 1990:29). Saam met hierdie beleidsverandering in die NG Kerk tussen 1996 en 1990 het die politieke verandering dan ook plaasgevind³, en die NG Kerk kon op so ’n manier ’n baie positiewe bydrae tot die landskrisis lewer. Die bydrae wat hierdie beleidsverandering gelewer het tot ’n vreedsame politieke oorgang in 1994, moet nie onderskat word nie. In hierdie sin het Belhar reeds bygedra tot ’n bevryding van die NG Kerk uit ’n missionêre gevangenskap.

5.2 Herdefiniëring van sending

In die tagtigerjare het daar al verwarring begin ontstaan tussen die konsepte sending, evangelisasie en gemeentebou (Van der Watt 2003:223). “Sending het die betekenis van werk oor kultuurgrense heen gekry, terwyl evangelisasie basies gemik was op die ‘eie mense’” (Van

³ Of die politiek die kerk voorgestaan het, en of die politiek die kerkbeleid nagevolg het, is nie hier ter sake nie. Feit is dat hierdie veranderinge inderdaad saam plaasgevind het, soos Durand (1984b:123) voorsien het.

der Watt 224). Teen 1978 het die Algemene Sinode “gesamentlike sending met die Jongkerke ... as die belangrikste sendingmetode” (Van der Watt 223) beskou, met die gevolg dat skakeling met hierdie kerke en sending vir baie gemeentes sinoniem geword het. Dit is na aanleiding van hierdie praktyk dat Robinson opmerk:

“Die teenstrydigheid wat daarmee opgeroep is as kerklike samewerking met en onderlinge hulpverlening aan ’n ‘suster’ kerk nog as sendingwerk aangemerkt word, het skynbaar die NG Kerk se aandag ontsnap. Die anomalie neem selfs komiese trekke aan wanneer ’n NG Kerk-gemeente van ’n NGSK-gemeente wat selfs ’n aantal dekades ouer is as ’n ‘dogtergemeente’ praat.”

(Robinson & Botha 1986:4)

Met die afkondiging van ’n *status confessionis* en die opstel van die konsepbelydenis in 1982, het groot vrae oor die sendingpraktyk in die NG Kerk ontstaan. Dit het dringend nodig geword vir ’n “herbesinning, apologie en die uitwerk van ’n nuwe rasse- en sendingbenadering” en die temas van Belhar, naamlik eenheid, versoening en geregtigheid moes in die nuwe sendingbenadering verreken word (Van der Watt 2003:221). Baie van die NG Kerk se energie het in die formulering van Kerk en Samelewing (1986 en 1990) ingegaan, maar nog voor die opstel hiervan het ’n groot geleentheid vir die bevryding van die sending uit sy *missionêre gevangenskap* aangebreek.

Op 1-3 April 1986 kom ’n groep mense vanuit die verskillende sinodes van die NG Kerk-familie bymekaar in Bellville by die Universiteit van Wes-Kaap (UWK) om te praat oor sending. Hierdie werkwinkel is georganiseer vir die NG Kerk-familie deur die Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie (SKG) van die NGSK, in samewerking met die Departement Missiologie aan die UWK. Die deelnemers kom van oral oor Suidelike Afrika: plekke in die Wes-Kaap, Transvaal (tans Gauteng), Suidwes-Afrika (tans Namibië), Noord-Kaap, Vrystaat, Zambië, Zimbabwe, Malawi word aangeteken in die teenwoordigheidslys (Robinson & Botha 1986:165-166). Wat die werkwinkel merkwaardig maak is (a) dat dit die eerste werkwinkel van sy soort in die geskiedenis van die NG Kerk-familie is; (b) dat daar ’n gesindheid van openheid vir gesprek tussen die deelnemers teenwoordig was (sien Cilliers in Robinson & Botha 1986:107); (c) dat die samewerking in die soeke na ’n nuwe visie op sending telkens gemotiveer is vanuit die behoefte aan geloofwaardigheid vir die Christelike/kerklike getuienis in Suider-Afrika.

Hierdie laaste punt sluit baie sterk aan by Belhar wat sê: “Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is...[en] dat hierdie eenheid sigbaar moet word *sodat die wêreld kan glo* dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is...” (Belhar art. 3 – my kursivering).

Dat hierdie motivering ’n baie belangrike rol gespeel het by die werkwinkel, kan gesien word in die aanbiedings wat deur die loop van die werkwinkel gemaak is. Waar die NG Kerk se sendingbenadering voor die werkwinkel in ’n doodloopstraat beland het, het daar in hierdie byeenkoms ’n duidelike koersverandering gekom en sending is in nuwer, meer omvattende terme gedefinieer. Die werksdefinisie wat tydens hierdie werkwinkel opgestel is, kan werklik as ’n mylpaal in die ontwikkeling van die sending in Suid-Afrika beskou word. Hierin kan die missionêre waarde van Belhar by uitstek gesien word.

6. ’N MISSIONÊRE WAARDERING VAN BELHAR IN PLAAS VAN ’N AANDRANG OP AMPTELIKE AANVAARDING

Tot sover is aangedui dat Belhar nóg die werklike polariserende faktor, nóg 'n struikelblok in die herenigingsgesprek is. Die werklike polariserende faktor is *sentimente en simboliese waarde wat aan Belhar gekoppel word*, en die werklike struikelblok in die herenigingsgesprek is 'n interne teenstrydigheid in die onderhandelingsproses. Om hierdie interne teenstrydigheid te bowe te kom, moet op 'n ander vlak met Belhar gewerk word in die gesprekke oor eenheid. Hierdie “hoër orde” vlak beteken dat Belhar *waardeer word vir dit wat die belydenis werklik toevoeg tot die kerk*, naamlik sy missionêre waarde. Hierdie waarde is sopas aangetoon uit die bydrae wat Belhar gelewer het om die NG Kerk te bevry uit 'n missionêre gevangenskap en om sending 'n nuwe inhoud te gee (herdefinieer). Wat is nou die implikasies daarvan as daar meer gefokus word op die waarde van Belhar vir die missie van die kerk in Suid-Afrika (en wyer)? In die bespreking wat volg, gaan by twee implikasies stilgestaan word: a) Die verwagting dat Belhar as konfessie aanvaar moet word; en b) die bydrae wat Belhar kan lewer om die uitdagings waarvoor die NG Kerk tans staan, te bowe te kom.

6.1 Die verwagting dat Belhar as konfessie aanvaar moet word

In die eerste deel van hierdie artikel is aandag gegee aan die simboliese waarde wat mense aan Belhar koppel. Hierdie simboliese waarde moet nie onderskat word of afgemaak word as van mindere belang nie. Baie mense beskou dit as 'n kwessie van trou aan hul geloof. Om van mense in die VGKSA (en ander dele van die NG Kerk-familie) te verwag om Belhar prys te gee as belydenis, is so goed as om van hierdie mense te vra om hul geloof prys te gee. Die sake wat in Belhar aangeraak word, is vir mense in die VGKSA van kardinale belang vir die geloofwaardigheid van die evangelie. Prof. Thias Kgatla vertel by geleentheid:

When the Belhar Confession emerged and we received that as a gift from God, we were confronted with a very difficult situation. Our children were asking us questions “why do you belong to a Church of an oppressor?”; “How did it come that you chose to belong to the Church of an oppressor?” Our colleagues, theologians and ministers from other Churches were also confronting us with the same questions...[and insults]...We had these types of insulting insinuations. And God gave us this Confession. And we could refute that [insults] and we could say “We stand where God stands”. We could say: “Jesus is Lord.” And I think those people who are uncomfortable or opposed to Belhar – perhaps they do not know these facts.

(Kgatla 2007:181)

Terwyl hierdie erns van die VGKSA met Belhar in gedagte gehou word, in watter mate kan die VGKSA van die ander lede van die NG Kerk-familie verwag om Belhar as *hul* belydenis te aanvaar? Die “ononderhandelbaarheid” van Belhar vir die VGKSA⁴ is teen hierdie tyd alom bekend. By Achterberg II⁵ is hieroor sagter weergawes verkry, maar die moderatuur van die VGKSA bly by die sinodebesluit in hierdie verband, en “[w]ie met die VGK wil verenig, sal op een of ander wyse met Belhar ook moet reken” (Smit 2000:172).

Daar bestaan egter 'n verdere aksent wat vanaf die VGKSA van tyd-tot-tyd deurskemer. Dit het te make met die gedagte dat die onvoorwaardelike aanvaarding van Belhar deur die

4 Sien bv. die hoofberig in Die Kerkbode van 2 Mei 1997: “Belhar-Belydenis ononderhandelbaar, maar gesprek met NG Kerk gaan voort” (p.1)

5 Die Achterbergh II byeenkoms het vanaf 23-25 April 2007 plaasgevind. 115 Verteenwoordigers van die vier kerke van die NG Kerk-familie het aandag gegee aan sake soos die Belydenisgrondslag by die herenigingsproses.

NG Kerk, beskou sal word as 'n teken dat die NG Kerk finaal met apartheid gebreek het. Hierdie aksent kom voor in die brief (gedateer 4 Augustus 2008) wat die VGKSA aan die NG Kerk geskryf het in antwoord op die versoek vanaf laasgenoemde vir 'n aanbeveling om lid van die All Africa Conference of Churches (AACC): "Up to now the basis on which even WARC readmittance was gained, which stipulated that unification and the inclusion of Belhar Confession becomes the acid test for the departure of the DRC from apartheid made at Debrecen and reiterated in Accra has not been fulfilled" (gedateer: 4 Aug. 2008). Hiermee word die simboliese betekenis van Belhar beklemtoon, nie die missionêre waarde daarvan nie.

Vanuit 'n Gereformeerde beskouing van die gebruik en aanvaarding van belydenisse is hierdie benadering nie aanvaarbaar nie. Met die opstel van die belydenis in 1982 is spesifiek aangesluit by Karl Barth se benadering van belydenisse en Barmen, maar bogenoemde verwagting dat die NG Kerk Belhar moet aanvaar strook selfs nie met Barth se teologie van Gereformeerde belydenisse nie (Barth 2002, de Beer 2008:139-153). Barth wys uit dat daar 'n groot verskil in benadering tot konfessies bestaan tussen die Lutherse en die Gereformeerde kerke, en 'n aandrag op die aanvaarding van Belhar is meer in lyn met die Lutherse as met die Gereformeerde benadering tot belydenisse.

Barth lê baie klem daarop dat 'n belydenis 'n tipe ooreenkoms is tussen gelowiges wat in eenheid leef. 'n Belydenis is nie 'n individuele saak nie, maar 'n saak waarin 'n groep gelowiges met mekaar ooreenstem. Dan is dit ook nie iets wat sommer net bely word nie. Dit handel oor geloof wat bely móét word. Die situasie waarbinne hierdie gelowiges hul saam (as eenheid) bevind, moet van so 'n aard wees, dat hulle nie anders kan as om hierdie Bybelse waarheid te bely nie. Hy voel so sterk hieroor, dat hy die opmerking maak: "A creed proclaimed where this human credibility and visibility of the confessing 'external body' was wholly lacking would violate both the Reformed concept of creed and the Reformed concept of Church" (Barth 1962:112).

As hierdie beginsel toegepas word op die NG Kerk-familie, beteken dit dat, hoewel Belhar sonder twyfel 'n belydenis van die VGKSA is, dit beslis nie op die oomblik wenslik sou wees om daarop aan te dring dat die NG Kerk dit as belydenis aanvaar nie, veral aangesien daar nog weerstand teen die belydenis in die NG Kerk bestaan. Die grootste rede hiervoor is die gebrek aan sigbare eenheid tussen die VGKSA en die ander lede van die NG Kerk-familie. Hoe kan die NG Kerk-familie verklaar: "Hierdie is ons gesamentlike belydenis", as die hele wêreld buite hierdie kerke duidelik kan sien dat hulle nie as 'n gesamentlike eenheid funksioneer nie? Volgens Barth se redenasie is die voorvereiste vir so 'n gesamentlike verklaring van geloof, of belydenis van geloof, 'n duidelike en sigbare eenheid tussen die kerke wat saam hul geloof bely – iets wat nog nie waar is binne die NG Kerk-familie nie. Daarom sê hy ook verder: "Any road to a universal creed which by-passes the concrete actuality of unitedness would not be a Reformed road." (Barth 1962:125)

Die implikasie hiervan is dat Belhar nie hanteer behoort te word asof dit noodwendig 'n gesamentlike belydenis gaan wees in 'n herenigde NG Kerk-familie nie.

Dit plaas beslis nie die Belydenis in 'n ondergeskikte posisie nie, want Belhar is 'n egte belydenis wat onder bepaalde omstandighede nie anders kon as om bely te wees nie. Dit is 'n belydenis van die NGSK, en dit is ook 'n ooreengekome belydenis van die VGKSA. Dit is egter nie 'n belydenis van die breër NG Kerk-familie nie, en om dit op enige stadium "outomaties" deel te probeer maak van enige van die ander lede van die NG Kerk-familie is nie 'n Gereformeerde werkswyse nie. Van die staanspoor af sal daar in 'n herenigingsproses die openheid moet wees dat Belhar ná 'n eenwording, die belydenis sal bly van diegene wat *dit tans as belydenis aanvaar*. Die nuwe (te stigte) herenigde NG Kerk sal die vryheid moet hê om in hul nuutgevonde eenheid saam 'n belydenis of verklaring uit te reik wat iets van daardie nuwe sigbare, gesamentlike geloof verwoord.

Kan Belhar hierin 'n rol speel? Definitief ja, maar net so kan die *Laudium Verklaring, Kerk en Samelewing, Geloofsverklaring 2000* en enige ander dokument wat deur een van die lidkerke van die NG Kerk-familie in 'n herenigde kerk ingebring word. Enigiets anders sal nie 'n eg Gereformeerde benadering wees nie. Watter nut het dit wanneer die NG Kerk-familie Belhar erken as belydenis, maar dit word nie gedoen omdat dit 'n opregte belydenis in die harte van gelowiges in eenheid is nie?

Vir die herenigingsproses spel dit 'n duidelike pad uit. Die *status quo* kan nie gehandhaaf word nie, want dan word nie gevorder in terme van die missie van die kerk in Suid-Afrika en wyer nie, en bly die kerk in 'n missionêre gevangenskap. Die hereniging moet voortgaan, maar alle dokumente, verklarings en belydenisse wat nie tans gemeenskaplike besit van die lidkerke van die NG Kerk-familie is nie, behoort as sodanig hanteer te word en amptelike aanvaarding daarvan kan nie as voorwaarde vir kerk-eenheid gestel word nie. Die NG Kerk-familie het die voordeel dat daar reeds ses belydenisse (Apostolies, Nicea, Athanasius en drie Formuliere van Eenheid) is wat deur almal amptelik erken word, op grond waarvan reeds 'n kessionele eenheid bestaan, en hierdie belydenisse kan daardie kessionele eenheidsbasis vorm vir 'n herenigde kerk. Daar sal in 'n nuwe kerkerde voorsiening gemaak moet word vir eietydse belydenisse, verklarings en ander dokumente wat erken word as sodanig, en wat op niemand 'n gedwonge verpligting plaas nie, maar wat in vryheid aanvaar kan word. Hierdie eietydse belydenisse en dokumente sal dan deel moet wees van 'n *voortgaande gesprek binne die herenigde kerk*, sodat daar in eenheid 'n nuwe belydenis gemaak kan word.

Dit beteken geensins dat Belhar onbelangrik is nie. Dit bly 'n belydenis wat 'n belangrike missionêre waarde vir die NG Kerk-familie inhou. Die belangrike bydrae van hierdie studie is om aan te toon dat dit nie nodig is dat Belhar deur almal in die NG Kerk-familie amptelik as belydenis aanvaar word voordat dit missionêr waarde toevoeg tot die roeping van die NG Kerk in Suid-Afrika en wyer nie. Dit kan steeds 'n kragtige instrument in die lewe van die Kerk wees. Om hierdie waarde van Belhar uit te lig, gaan nou gekyk word na die rol wat Belhar kan speel om die NG Kerk-familie by te staan met die uitdagings wat vir die Kerk in Suid-Afrika (en wyer) voorlê.

6.2 Uitdagings waarvoor die NG Kerk geroep is en Belhar se rol daarin

In 'n artikel *Die Sendingpraktyk van die Ned Geref Kerk: Enkele tendense vanaf 1952 tot met die eeu-wenteling*, beskryf Van der Watt (2003:229) die verloop van die sendingpraktyk die afgelope vyf dekades. Hy sluit die artikel af met 'n opsomming van die grootste uitdagings wat saam aangepak moet word in die toekoms:

- A. om die eenheids- en versoeningsproses verder te help voer - eenheid in belydenis, maar veral ook eenheid in getuienis, bied die enigste egte basis vir strukturele eenwording.
- B. te besin oor die plek en aard van sending in die dialoog met ander godsdienste en in die post-moderne debat oor Christus as enigste Verlosser.
- C. 'n daadwerklike betrokkenheid by die nood van die wêreld (missio-nêre diakonaat), waarvan omfattende gemeenskapsbediening, die ekologie en die profeties, krities stryd om geregtigheid op mikro sowel as makro-vlak wesenlik deel is
- D. 'n nuwe verstaan van missionêre gemeente-wees en 'n uitklar van die rol wat die kerkverband in die sending behoort te speel.
- E. die voortgaande uitbou van 'n Skrifgehoorsame, gereformeerde sendingbenadering en -praktyk, in Afrika- en veral Suid-Afrikaanse konteks.

Ons wil by hierdie vyf punte aansluit om die waarde van Belhar vir die missie van die NG Kerk in die toekoms uit te lig.

Punt A gaan van die posisie uit dat die eenheids- en versoeningsproses verder gevoer moet word sodat eenheid in belydenis en in getuienis die basis kan bied vir strukturele eenwording. Dit is waar in dié sin dat kerke nie sal begin soek vir strukturele eenheid as daar nie reeds 'n aanvoeling van eenheid en 'n proses van versoening tussen daardie kerke plaasgevind het nie. Maar volgens die beredenering in die vorige paragraaf (6.1), kan ook die teenoorgestelde beweer word, naamlik dat eenheid in getuienis en belydenis eers werklik kan plaasvind binne die raamwerk van strukturele eenheid. Hier is dit byna die tipe vraag: "Wat kom eerste, die hoender of die eier?" Die oplossing uit hierdie vraag is nie *óf-óf* nie, maar eerder *én-én*. Daar kan nie gewag word vir strukturele eenwording voordat prosesse aan die gang gesit word wat gemeentes en lidmate van die verskillende lede van die NG Kerk-familie nader aan mekaar bring nie. Daar kan ook nie gewag word tot daar by almal 'n gevoel van eenheid is, voordat strukturele eenwording plaasvind nie. Die proses moet oop en buigbaar genoeg wees dat daar aan versoening en eenheid gewerk kan word op gemeentevlak selfs al bestaan daar nog nie strukturele eenwording nie (bv. deur kontak tussen lidmate te fasiliteer), en terselfdertyd moet strukture wat gereed is om een te word, die ruimte hê om dit te doen (bv. die Kommissie vir Getuienisaksie en die teologiese opleidingsinrigtings). Dit moet alles gedoen word in openheid en vryheid, sodat die gemeentes wat nog nie hul weg oopsien vir hierdie prosesse nie, nog steeds deel van die bestaande kerkverband kan bly en geensins ge-"etiketteer" word omdat hulle nog nie deel van die proses is nie. Dit is die enigste manier waarop die Gereformeerde beginsel van vryheid onder gesag van die Woord tot sy reg kan kom.

In hierdie prosesse kan Belhar baie handig benut word. Belhar spel die proses van versoening uitstekend uit vir gebruik in gemeentes wat nader aan mekaar wil beweeg: geregtigheid, versoening en eenheid. Sonder dat Belhar amptelik as belydenis aanvaar word, kan dit as konstitusie of werkswyse gebruik word in gesprekke waar gemeentelede van verskillende lede van die NG Kerk-familie poog om nader aan mekaar te beweeg.

Punt B het meer te make met gesprek en dialoog met ander godsdienste. In hierdie opsig het Belhar groot waarde, veral aangesien dit nie net op 'n piëtisties-evangeliese wyse die evangelieverkondiging as 'n debat in konflik met ander godsdienste beskou nie, maar klem lê op 'n lewenswyse van geregtigheid in die samelewing. Dit is dikwels op hierdie punt waar samewerking met mense uit ander gelowe moontlik en noodsaaklik is, en Belhar bied 'n uitstekende basis op grond waarvan gelowiges (Christene) 'n lewenshouding in die samelewing kan ontwikkel, wat geensins terugstaan vir geregtighedsdenke by ander gelowe nie.

Punt C sluit weereens baie sterk aan by die vierde artikel in Belhar, wat die aspek van geregtigheid betref. Net soveel kom die omgee-vir-mekaar-gedagte in artikel twee (Belhar) ook na vore in die "daadwerklike betrokkenheid by die nood van die wêreld": "mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld" (Belhar art. 2).

By Punt D het Belhar al 'n belangrike rol gespeel, en sal dit ook in die toekoms. In paragraaf 5.1 hierbo is reeds gewys hoe Belhar bygedra het daartoe om die NG Kerk te bevry uit 'n missionêre gevangenskap. Op dieselfde wyse is Belhar steeds besig om by te dra tot "'n nuwe verstaan van missionêre gemeente-wees".

Soos in punt 4 hierbo bespreek, het die NG Kerk die roeping om in Suid-Afrika (en wyer) in voorbeeld, verkondiging en bestaanswyse die Evangelie te bring na die wêreld, met die einddoel dat God verheerlik sal word. Dit is die *wat* van die NG Kerk se missie. Die *hoe*, *waar* en *wanneer* word beïnvloed en selfs bepaal deur die konteks waarbinne hierdie missie uitgevoer word. Daar is verskeie soorte kontekste waarbinne mense hul bevind, en hierdie kontekste speel op verskillende maniere elk 'n rol. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks beteken dit dat die

NG Kerk (-familie) geroep word tot *inheemswording in die diverse kulturele samelewing van Suid-Afrika* (en wyer) en nie meer *net* 'n inheemswording ten opsigte van die Afrikaner volk (of ander volke) nie. Belhar is 'n belangrike instrument wat deur die NG Kerk (-familie) gebruik kan word om te help op hierdie pad van nasionale inheemswording (de Beer 2008). *Die NG Kerk-familie word geroep tot inheemswording in terme van die Suid-Afrikaanse NASIE*, want die nasionale werklikheid van 'n diverse kulturele⁶ samelewing vra ernstige besinning in terme van geregtigheid en versoening, lank voordat daar aan 'n nasionale eenheid gedink kan word.

Robinson (1984) het al, in aansluiting by punt E, Belhar se bydrae tot die voortgaande uitbou van 'n Suid-Afrikaanse sendingbenadering en –praktyk beskryf in 'n artikel *Die Belhar-belydenis van 1982 in sendingperspektief*. In lyn daarmee het 'n herdefiniëring van sending in Suid-Afrika plaasgevind met die sendingkongres wat in punt 5.1 van hierdie artikel beskryf is. Intussen het die Kommissie vir Getuienisaksie, eers in die Wes-Kaap, maar later ook nasionaal, die pad van 'n gesamentlike, Suid-Afrikaanse getuienis-benadering begin loop. In al hierdie prosesse was Belhar ter sprake en het bewustelik en onbewustelik 'n bydrae gelewer. Daar kan dus gesien word watter belangrike bydrae Belhar kan speel in die missionêre uitdagings wat vir die NG Kerk voorlê. Daarin kom die missionêre waarde van Belhar uitstekend na vore.

7. SLOTSOM: BIED BELHAR SE MISSIONÊRE WAARDE 'N ALTERNATIEF?

Om Belhar as 'n belydenis met groot missionêre waarde vir die NG Kerk-familie in Suider-Afrika en Afrika te beskou, is 'n heel nuwe manier om die dokument te hanteer. Daardeer word die egte waarde van Belhar na vore gebring, en word die NG Kerk-familie aangemoedig om van hierdie waarde gebruik te maak, sonder dat iemand onder 'n dwang geplaas word. Dit is presies wat in Belhar gesê word: “dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie” (art. 2).

Met so 'n benadering word 'n “hoër orde reël” as die “reël oor aanvaarding/nie-aanvaarding van Belhar” op die onderhandelingsstafel geplaas in die herenigingsproses. Hierdie doel, naamlik om die missionêre waarde van Belhar in vryheid te ontgin, bied 'n orde reël wat beide die voorstanders én die teenstanders van Belhar die motivering kan gee om voort te gaan met eenheidsgesprekke. Daarmee word vir 'n egte Gereformeerde hantering van Belhar gevra, téénoor 'n sentimentele of simboliese gebruik daarvan.

Met die ontginning van die missionêre waarde van Belhar, word 'n moontlike derde weg aangedui uit die dilemma waarin die herenigingsgesprek in die familie van die NG Kerk voortdurend vasval. Hierdie derde weg kan uitstekend deur gemeentes en ringe bewandel word, net soveel as wat dit op sinodale vlak gevolg kan word.

Die verskillende lede rondom die onderhandelingsstafel sal moet besluit of hulle hierdie uitweg gaan oorweeg. Intussen kan lidmate, gemeentes en ringe in die NG Kerk-familie steeds die missionêre waarde van Belhar ontgin en op so 'n manier met mekaar versoen word en uitdrukking gee aan die eenheid wat deur die Heilige Gees onder gelowiges gesmee word.

BIBLIOGRAFIE

- Barth, K 1962. The desirability and possibility of a universal reformed creed. In *Theology and Church: Shorter Writings, 1920-1928*. Transl. Smith, L P. Harper & Row: New York.
- Barth, K 2002. *The Theology of the Reformed Confessions*. Trans. Guder DL & Guder JJ. Culombia Series in Reformed Theology. Westminster John Knox: London

⁶ 'n Diverse kulturele samelewing het te make met diverse kulture in een land. Multikultureel word hierby ingesluit, maar dit is slegs één van die vorme van diversiteit.

- Botha, A J 1984. *Die evolusie van 'n volksteologie*. Gepubliseerde proefskrif. UKW Drukkery: Bellville
- Burger, C W 2005. Kerke moet praat oor verlede se pyn: Evangelie se krag kan wonde in NG familie genees. Godsdienste aktueel. *Beeld* 31 Januarie B-D12
- Chikane F 1991. Understanding the South African reality. In Alberts L and Chikane F (Ed.) *The Road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town. pp 47-61
- Conradie, H 2005. Die Belydenis van Belhar: Waarom gaan dit? Hurter: Hermanus
- De Beer, J M 2008. Die missionêre waarde van die Belhar Belydenis vir die NG Kerk: Instrument tot inheemswording. Ongepubliseerde proefskrif. UP
- Durand, J J F 1984b. Belhar – krisispunt vir die NG Kerke, in Cloete, G D en Smit, D J (samest.) 'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis, 123-134. Tafelberg: Kaapstad
- Eloff, S 1998. Skriftuurlik en teologiese is Belhar nie waterdig nie. *Kerkbode* 5 Junie A-E12
- Froneman 1982: Gewetenskrisis vir NG Kerk: NK Kerk van afgodery beskuldig oor steun aan apartheid. *Kerkbode* A-D1
- Gaum, F 1997. Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid: 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis. Hugenote: Wellington
- Gouldner, A W 1980. *The Two Marxisms*. Oxford University Press: New York
- Jonker, W D 1991. Understanding the Church situation and obstacles to Christian witness in South Africa. In Alberts L and Chikane F (Ed.) *The Road to Rustenburg: The Church looking forward to a new South Africa*. Struik: Cape Town. pp 87-98
- Kane, J H 1978. A concise history of the Christian world mission: a panoramic view of missions from pentecost to the present. Baker Book House: Michigan
- Kgatla, T 2007. Groeteboodskap: Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika. In NG Kerk: *Algemene Sinode Agenda Deel III Aanvullende Verslae*. 181-182
- Kinghorn, J 1986b. Konsolidasie, rasionalisasie en dogmatisering. In Kinghorn J (red) 1986a. *Die NG Kerk en Apartheid*. MacMillan: Johannesburg 117-143
- Naudé, P 1998. Belhar se ontvangs in die NG Kerk. In Botha, Johan & Naudé, P *Op pad met Belhar: Goeie nuus vir gister, vandag en môre*. Van Schaik: Pretoria 77-89
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 1974. Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982. *Handelinge Algemene Sinode*.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 1990. *Handelinge Algemene Sinode*.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007. Algemene Sinode. Agenda
- Robinson P J 1984. Die Belhar-belydenis van 1982 in sendingperspektief. In Cloete G D en Smit D J. (red.) 'n Oomblik van Waarheid: Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis. 49-59.
- Robinson P J & Botha J G 1986. *Wat is sending? 'n Werkswinkel vir die Familie van NG Kerke*. Publikasie van die SKGA van die NGSK en Dept. Missiologie UWK.
- Smit, D J 2000. Versoening en Belhar? *Gereformeerde Theologiese Tijdschrift* 100, 159-174.
- Strauss, P J 2005. Belydenis, kerkverband en Belhar. in *NGTT* 46/3 en 4, 560-575
- Van der Linde H H 2002. 'n Kerkhistoriese en Kerkregtelike studie van die Kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie. Ongepubliseerde Proefskrif: Universiteit Pretoria
- Van der Watt, G 2003. Die Sendingpraktyk van die Ned Geref Kerk: Enkele tendense vanaf 1952 tot met die eeuwenteling. in *Verbum et Ecclesia* 24(1) 213-231
- Van Niekerk A C J 1989. Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse Sosiale Etiek: 'n Vergelykende ondersoek na 'The Kairos Document', 'Die Evangelical Witness', 'Die Belydenis 1986' en 'Kerk en Samelewing'. DD Proefskrif: Universiteit van Pretoria

Kerkbode Artikels sonder outeur:

2008. Van verleentheid tot geleentheid. *Kerkbode* 22 Februarie A-E3

1997. Belhar-Belydenis ononderhandelbaar, maar gesprek met NG Kerk gaan voort. *Kerkbode* 2 Mei A-D1

TRFWOORDE

Belhar Belydenis

Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk)
Verenigende Gereformeerde Kerk in S.A. (VGKSA)
Missionêr
Herenigingsgesprek

KEY WORDS

Belhar Confession
Dutch Reformed Church (NG Kerk)
Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA)
Missional
Reunification talks

Kontakbesonderhede

Ds Jan M de Beer
NG-gemeente Waterkloofrif
Wolfstraat 321
0181 WATERKLOOFRIF
Kantoor: 012 347 9133
Sel: 082 447 4822
+27 12 347 9133 Intl. dial
E-pos: jmdebeer@axxess.co.za

Dr Attie van Niekerk
Nova Instituut
Posbus 38465
0060 GARSFONTEIN-OOS
Tel.: 012 998 7629
Faks: 912 807 0182
Sel: 082 676 1073
E-pos: asn@xsinet.co.za